

Liturgie soos in die GKSA beoefen krities bekyk

B. Spoelstra
Dept. Diakoniologie & Missiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

A critical view of the liturgical procedure in the GKSA

This article attempts a further analysis of the current liturgical procedure and position of the so-called worship service in the Reformed Churches of South Africa (GKSA). In this article the acts or decisions of at least three Synods of the GKSA dealing with the so-called 'elements' of a worship service (erediens) are analysed. It is argued that the liturgical procedure inherited from the Netherlands often fails to constitute a real encounter in worship between God and his congregation. A one-sided intellectual and instructional emphasis on the sermon is to be blamed for this failure.

1. Inleiding

Allerweë word vandag beseft dat kerkwees primêr in die liturgie sigbaar word, tog het liturgie nie in die gereformeerde teologie dieselfde aandag geniet as byvoorbeeld die dogma of kerkregering nie. Die liturgie van die vroeë kerke was egter hulle "advertensiebord" (Barnard, 1981:174, 191) waarmee hulle proseliete getrek het. Die liturgie van die Rooms-Katolieke en Oosterse Ortodokse Kerke het deur die eeue baie min verander en hulle kerkwees setel grotendeels in liturgie. Die *Jaarboek voor liturgie-onderzoek* en *Tijdschrift voor Liturgiewetenschap* gaan grootliks van Rooms-Katolieke teoloë uit. Mense identifiseer kerk dikwels met liturgie en charismatiese groepe werf vandag dikwels lede met hulle liturgiese aktiwiteit. Daarteenoor gaan talle reformatoriese kerkgemeenskappe betreklik onverskillig en willekeurig met liturgie om. Dikwels word 'n mislukte liturgie geblameer vir onkerklikheid, "randkerklikheid" en Christelike "geloofsloosheid" (Brienen, 1978:9-14). Moontlik staan gereformeerdes betreklik onverskillig teenoor die liturgie, terwyl van die erediens nog erns gemaak word; gevolglik moet ons vra of die liturgie van ons sogenaamde *eredienste* slaag.

In 'n artikel "Liturgiese handeling stel nie vanself 'n erediens as ontmoeting met God (godsdienst) daar nie" (Spoelstra, 1994:37 e.v.) is aangedui dat verkeerdelik

aanvaar word dat 'n erediens'-handeling (orde) vanself 'n erediens daarstel. Eers wanneer liturgie 'n ontmoeting met God bewerkstellig, kan egter van erediens gepraat word.

Die Kerkorde van die GKSA en Sinodes voor 1924 handel nie oor liturgiese orde nie; tog is liturgie in Nederland vanaf die 16de eeu en in die GKSA vanaf 11 Februarie 1859 in Rustenburg onder die seringbome beoefen. In 1907 dien die eerste versoek dat 'n sinode van die GKSA 'n uitspraak oor 'liturgiese orde' moet doen. Die Sinode ag dit egter onnodig. In hierdie jaar (1907) het in die Rooms-Katolieke Kerk 'n beweging begin om die gemeente meer by die liturgie te betrek (Lamberts, 1992:235 e.v.). Dit is egter twyfelagtig of die versoek by die GKSA hiermee verband hou. Die 'toeval' is nietemin interessant. Die GKSA het veral met die ontploffing van gereformeerde teologie aan die Vrije Universiteit byna kinderlik opgesien na die Gereformeerde Kerke van Nederland (GKN). In die GKN het die sogenaamde 'jongeren' (moontlik a.g.v. Kuyper se *Onze eeredienst* in 1911) 'n beweging begin wat die Sinode te Utrecht (1923) om liturgiese besinning en vernuwing gevra het. Die voorstelle het ook nie sukses behaal nie. In 1924 het H.H. Kuyper, seun van die beroemde Abraham Kuyper en een van die 'jongeren', Suid-Afrika en die Sinode van die GKSA in Rustenburg besoek. Dit is moontlik dat die vraag oor die liturgiese orde daarom juis te Middelburg Kaap op die Sinode van 1924 ter tafel gekom het en die GKSA deputate opgedra is om aan die Sinode van 1927 daaroor te rapporteer. Besluite oor die sogenaamde liturgiese orde kom in 1927, 1955 en 1985 in die Handeling van die GKSA voor. Ten spyte van die jongste besluite (GKSA, 1985:398-425) is eksperimente met liturgie tans op talle plekke aan die gang en die GKSA loop gevaar om soos die CRC in die VSA by chaos uit te kom (vir chaos in die CRC vgl. Brink, 1991:12-14). Liturgie is die mees basiese kerkorde (Spoelstra, 1994) en liturgiese willekeur versteur kerklike eenheid.

Omdat kerkwees wesenlik saamhang met die liturgie waarin God ontmoet (moet?) word, moet die reelings en bepalings oor liturgiebeoefening deur die GKSA krities bekyk en geëvalueer word ten opsigte van wat beoog en bereik is. Hier moet veral oorweeg word of die motief in die 'liturgiese orde' werklik op 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente gerig is en of dit nie moontlik op 'n plegtige geleentheid vir godsdiensonderrig in plaas van godsdiensbeoefening gerig is nie. In hierdie verband moet in ag geneem word dat die humanisme ook die kerklike visie op die liturgie beïnvloed het sodat aangeneem kan word dat waar die liturgie kennis meedeel en versprei, die mens verander en in verbinding met God gestel word. So sou die preek tot die dominerende element in die liturgie verhef word. Die liturgie van die GKSA soos ooreengekom in sinodale handeling (rapporte en besluite) bied dus 'n wye en afgebakende veld vir ondersoek en evaluering.

2. Die amptelike handeling van die GKSA met betrekking tot liturgie

2.1 Periode van eenheid sonder voorskrifte

Dit staan vas dat die gangbare liturgie in Nederland sedert 1652 ook in Suid-Afrika gevolg is sonder om vrae te vra. Anders as in Nederland het pioniersomstandighede in die verskuiwende en afgesonderde voorposte met baie ontberings gepaard gegaan en veroorsaak dat, amper soos in die heel vroegste kerke, liturgie weer in die huise beoefen is. Die huisvader het tydens huisgodsdien (veral Sondagmôrens) die gangbare liturgie van 'n kerkdiens gevolg en aangepas om sy gesin in staat te stel om God te ontmoet.

By die stigting van die eerste Gereformeerde kerke in die Transvaal, die OVS en Kaapkolonie in 1859/60 speel verandering van tradisionele liturgie sonder Skriftuurlike verantwoording, veral met betrekking tot die kerklied, 'n bepalende rol. Hoe 'n mens ook al na die sogenaamde Gesangestryd kyk (Spoelstra, 1991), het die verandering van liturgie verantwoording vir die een party en lydelike verset om die verandering te aanvaar vir die ander party kerklike gemeenskap en formele kerkverband in gedrang gebring. Die GKSA verbind uit die staanspoor die uitnodiging tot en die behoefte aan kerklike eenheid met eenheid in die liturgie (GKSA, 1862: art. 12; Postma, 1905:124, 143, 188 e.v.; Spoelstra, 1963:176, 179-180). Dié mense het eenvoudig aanvaar dat hulle liturgie met dié van die Sinode van Dordrecht 1618/19 ooreenkom (GKSA, 1955:396), terwyl hulle geen behoefte aan 'nuwighede' gehad het nie (Spoelstra, 1963:23-29, 190 ens.).

Die verband tussen innerlike geestelike verskuiwing en die behoefte aan liturgiese verandering van liturgie wat daaruit voortkom, is eintlik nog nooit ontleed nie. Die invoer van die bundel Evangeliese Gesange deur Partikuliere Sinodes in Nederland in 1807 word vanaf 1814 sonder beoordeling geleidelik in Kaapstad en Stellenbosch en daarna in die buiteland nagevolg. Die eerste verskil daarvoor tree in die Ring van Graaff Reinet in 1833 (kort voor die Groot Trek) na vore wanneer advies gevra word hoe om teen 'weieragtiges' op te tree

Skygbaar het die liturgiese orde wat ds. Postma gebruik het, nie veel verskil van dit waaraan mense hier gewoon was of van dit wat by ander Afrikaanse kerkgemeenskappe in gebruik was nie. Toe die Revivalbeweging ongeveer in 1857 die liberalisme die stryd aansê, kom die behoefte aan liturgiese verandering weer na vore en bring Hallelujaliedere, Kinderkrans, bidure, Nagmaalbediening in die banke, die nalaat van Kategismusprediking, ensovoorts, liturgiese veranderinge mee. Verskeie trek in die vorige eeu saam in liedere, gebede en seremonies wat m die diens gebruik word en nie op die orde (opeenvolging van liturgie) in die diens nie (Spoelstra, 1963:63, 118, 158, 161; Oberholster, 1956:120-189).

'n Interessante maar moeilike vraag om te beantwoord is: Hoe het die mense die liturgie by 'n 'kerkdiens' in die vorige eeu verstaan en beleef? Op grond van navorsing (Spoelstra, 1963:22-27) en die waarneming van die kerkbywoningspatroon voor 1940 is ek oortuig dat sporadiese kerkbesoek tot ongeveer 1940 te los van die daaglikse en deurlopende godsdiens beskou is. Voor 1940 het plaasemense in die suid-westelike Vrystaat hoogstens een maal in ses weke kerkdienste bygewoon en het sporadiese kerkbesoek (moontlik selfs minder as vier keer per jaar, vgl. 1 Sam 2:19) aan die kerkentrum met die oog op bediening van die doop en Nagmaal plaasgevind. Die sporadiese bywoning van 'n kerkdiens by die kerkentrum het die daaglikse, en veral die Sondagse ontmoeting met en aanbidding van God in die huisgodsdiens verleng en 'n hoogtepunt gevorm. Die huisgodsdiens (veral Sondae) of die laergodsdiens wat plaasgevind het by geleenthede waar in groepe getrek is, het 'n vereenvoudigde orde van 'n kerkdiens gevolg. Namate perdekarre en ossewaens deur motors vervang is, verstedeliking plaasgevind het en eredienste oor die radio uitgesaai is waar preke gehoor kon word, is op kerkbesoek aangedring en het selfwerkzaamheid in huisgodsdiens verval.

Vandag word die liturgie van die eerste Christene in die huise weer hoog aangeslaan (Burkhart, 1982:107) en is dit selfs 'n ope vraag of die ontstaan en bestaan van massale 'gemeentes' werklik *godsdiens* kommunikeer. Kortom, nadruk op 'erediensbywoning' het die werklike beoefening van *godsdiens* in 'n huis (huisgodsdiens) met die orde van psalm, Skriflees, gebed, preeklees, gebed en psalm in onbruik laat raak. Gepaardgaande daarmee het die sogenaamde eredienst-liturgie (die groter, dikwels massale groep) onder die soeklig gekom, terwyl die pendulum vandag weer na die kleingroep swaai.

Die aksent in die GKSA het na 1948 toenemend op institutionalisering begin val. Sporadiese 'kerkbesoek' is skerp veroordeel ongeag die vraag of gereelde 'huisgodsdiens' onderhou word. Veral emigrante uit die digbevolkte Nederland het die patroon van sesweeklikse kerkbesoek onder Afrikaanse plattelanders vreemd gevind. In amptelike stukke word gereelde 'godsdiensoefeninge' van die plaasemense nie in verband met die gemeente gebring nie, maar as 'n losstaande aktiwiteit van 'lidmate' beskou. Die dominee se weeklikse prediking moes opgesoek word. Waar die huislike liturgie vroeër vormlike 'kerkbesoek' uitgeskakel en van periodieke besoeke aan Woord- en sakramentbediening 'n liturgiese hoogtepunt gemaak het (ontmoetinge met God en met mekaar), is godsdiens en liturgie steeds meer geobjektiveer en op 'n 'erediens' geprojekteer.

Die opkoms van die formele en omstrede idee van eredienste (vgl. Spoelstra, 1994) het die huisgodsdiens as liturgie van die gesin verplaas en gedevalueer. In gemeentes is sogenaamde 'ouderling-' of 'leesdienste' al meer verniy. 'n Diens sonder 'n predikant wat preek, is nie meer as erediens beskou nie en predikante het feitlik 'n monopolie verwerf om waar ook al in Woord en gebed voor te gaan. Die stem van een na die ander huisvader oor die Bybel, preekboek of *Kerkblad*

en wat vir sy gesin, kerk en volk in gebed voorgaan, het stil geword. Trouens die begrip *voorgaan* as liturgiese handeling het self begin uitsterf. Vandag word probeer (dikwels met 'n beroep op 'gawes') om weer iets hiervan op dreef te kry. 'n Rede waarom talle kerke nie meer deurknede 'ouderlinge' kry nie, is moontlik geleë in die feit dat die huislike aktiwiteite van die vaders in liturgie en kategeese verdwyn het. Dit mag vandag bydra tot die aandrang om 'vroue' as ouderlinge te bekom.

2.2 Besinning oor liturgiese orde in 1927

Die teologie van Nederland het voor 1950 in Suid-Afrika baie invloed uitgeoefen, onder andere op grond van Abraham Kuyper se groot werk, *Onze eeredienst*, wat in 1911 gepubliseer is. In 1920 het die GKN 'n kommissie benoem wat in 1923 bepaalde voorstelle gedoen het wat die Sinode nie aanvaar het nie (Van Rongen, 1990:137).

Die kerkraad van Middelburg Kaap vra die Sinode van die GKSA in 1924 "om te adviseer aangaande die eenheid van die liturgiese orde" (GKSA, 1924:38). Die presiese aanleiding vir die versoek is nie duidelik nie. Op dié Sinode is dr. H.H. Kuyper teenwoordig, maar dit skyn asof met dié versoek eenvormigheid gevra is. Die kommissierapport en voorstelle in die Sinode van 1927 (33-35, 79-81) dui ook enigszins daarop dat eenvormigheid enersyds en andersyds die behoefte aan liturgiese besinning vir die liturgie eerder as die orde gevra het (moontlik weens kontak met die 'jongeren' in Nederland).

Die Deputate gee in hulle rapport van 1927 waarskynlik hoofsaaklik die tradisionele orde weer – die orde van die votum af tot en met die psalm na die Wet en dui die orde verder aan as Skriflesing, gebed (lang gebed), psalmgesang met die oog op Woordbediening, preek, dankgebed, psalmgesang en seën. Die kollekte hoort by die erediens, maar dit word aan elke kerkraad oorgelaat om die plek daarvan te bepaal. Kollektes is tradisioneel by die deure opgeneem. Sommige mense het egter in daardie tyd gemeen dat kollektes prinsipieel in die 'erediens' tuishoort en kollektes iewers tussen die votum en seën verpligtend is. Die Sinode van 1961 wou egter nie so ver gaan nie (GKSA, 1961:389 e.v.). Die aandag vir die kollekte hang weer saam met nuwe belangstelling wat in dié tyd vir 'barmhartigheidsdiens' ontstaan het. *Uitsprake van sinodes met die oog op eenvormigheid* in kerkverband het destyds swaar gewee.

Tweedens het die liggaamshouding by die psalms aandag geniet. Sommige mense wou van staande sing 'n reël maak omdat sodoende beter gesing kan word (vgl. GKSA, 1924, art. 111). Die aksent val dus op die feit van sing en nie waarom en wat gesing word nie. *Liggaamstaal* (soos sit of staan) is dus nie liturgies vertolk nie (vgl. daarteenoor Burkhart, 1982:23 e.v.). Indien staande sing by 'n lof- of

danklied pas, sou kniel of selfs sit tog beter pas waar skuld bely of die lig van die Gees op die Skriflees of preek singend afgebid word.

Derdens sê die Sinode dat afkondigings met die oog op die “meeste stigting” voor die diens gedoen moet word. Daaruit kan ons aflei dat sommige ampsdraers se liturgiese besef so swak was dat hulle sommer allerlei afkondigings gedurende die diens gemaak het en sodoende die aanbiddingskarakter van die liturgie geskaad het.

Die behoefte aan groter liturgiese verantwoording, moontlik as gevolg van wat in Nederland gebeur het, blyk uit 'n voorstel wat afgestem word, maar baie sinvolle liturgiese insigte openbaar. Die ‘môrediens’ word na die lofpsalm in ‘versoeningsdiens, diens van die Woord en dankdiens’ onderskei. Met hierdie ordening tree sin vir gerigte liturgiese hoofmomente binne die diens as geheel na vore terwyl die Deputate net 'n ‘liturgiese’ orde vir 'n preekdiens aanbeveel. Die liturgiese verantwoording en insig in dié onsuksesvolle voorstel word nog duideliker wanneer die ‘versoeningsdiens’ op sy beurt in ses liturgiese handeling onderskei word: die lees van die Wet, sing van die berymde Wet of 'n boetsalm, 'n algemene gebed (met skuldbelydenis), psalm vir ‘absolusie’ en geloofsbelydenis. Die voorstel het die *diens van die Woord* as Skriflesing, psalingesang met die oog op die Woord en 'n preek onderskei. Die *dankdiens* het vir die voorstellers weer dankgebed, dankpsalm, seën en kollekte ingehou. Kernbegrippe soos *versoening*, *verkondiging* en *dank* om die *diens* te tipeer en nie net *liturgiese orde* te reël nie, getuig van 'n begrip vir motief in liturgiese handeling. Die terminologie soos *psalm vir absolusie* na die Wet en *versoeningsdiens* (GKSA, 1927:33) openbaar ongetwyfeld 'n dieper liturgiese begrip as die besluit van die Sinode van 1927 wat die voorstel afwys en net die bekende liturgiese orde vasstel.

Die karige gegewens dui veral daarop dat sommige mense in 1927 die Wet voor die Belydenis (soos Kuyper, 1911) wou lees. Die voorstel wat liturgies die swakste oorkom, wou die lang gebed op die psalm na die Wet laat volg en daarna nog 'n psalm invoeg sodat die preek direk op die Skriflesing kon volg. Hierdie voorstel verrai klaarblyklik invloed van die *Aufklärung* wat die preek hoog aanslaan omdat mense daaruit leer. Wanneer psalms as gebede van die gemeente beskou word en nie bloot as gemeentesang wat 'n ‘erediens’ afwissel nie, hou hierdie voorstel 'n toutologie van drie opeenvolgende gebede in: daar word naamlik singend gebed, gebed en weer singend gebed. Verder staan hierdie voorstel onverskillig teenoor selfstandige Skriflesing waarin God met die gemeente praat, omdat Skriflees slegs met die oog op die preek plaasvind. Die Sinode van 1927 het hierdie voorstel afgewys, maar talle gemeentes in die GKSA het na die Sinode van 1985 tog die lang gebed net na die psalm wat op die Wet volg, geplaas omdat die Skriflesing volgens hulle met die oog op die preek moet geskied. Selfstandige Skriflesing het daarmee verdwyn, terwyl dit in talle Lutherse en ander kerke nog behou word.

Die ouderlinge het klaarblyklik in 1927 nie die verskil onder die predikante oor liturgie begryp nie. Twee ouderlinge, Henning, (vader en seun?) het voorgestel om by die bekende orde wat die Deputate aanbeveel het te bly en “uitvoering daarvan (word) gelaat in die vryheid van elke kerkraad” (GKSA, 1927:34). Opvallend genoeg word die term *erediens* nie in 1927 gebruik nie.

Die liturgiese besef kom wel na vore waar die Sinode van 1927 begrippe soos *loof* en *dank* aan die *psalm* verbind, maar die liturgiese besef verswak wanneer *dankgebed* en *dankpsalm* naas mekaar geplaas word asof bid en psalmsing verskillende liturgiese funksies moet vervul. ‘Sang’ was skynbaar nie as bid of met God praat beleef nie, maar moes ‘n eie liturgiese rol vervul omdat ‘gesing’ is. Die vraag is of die musiek in hierdie opsig kommunikasie moes daarstel. Die Sinode van 1927 oortuig dus nie dat die liturgie as sodanig sinvol deurgrond is nie.

2.3 Liturgiese orde van die Sinode van 1955

Die kerke van Suid-Transvaal vra “met die oog op groter eenheid” en om “eenvormigheid te bewaar” dat die Sinode van 1952 “die saak van liturgie ... weer eens ... in oënskou” moet neem (GKSA, 1952:290 e.v.). Die voorstel is vaag, stel niks voor nie maar toon tog dat daar iets van ‘n onbehae met die liturgie aangevoel was. Hierdie onbehae hang moontlik saam met aspekte wat reeds in 1927 na vore gekom het. Op die Sinode van 1955 waar oor die liturgie gerapporteer word, was daar heelwat drukte oor vroeë soos of belydenis van geloof staande gedoen, ‘n psalm na die belydenis gesing, kollekte binne die diens opgeneem en vir elke psalm opgestaan moes word. ‘n Mens kan sê dat die aandag op die vormlike in die liturgie en nie in die sin van die handeling saamgetrek het nie.

Die rapport het beweer dat die opdrag onduidelik was (GKSA, 1955:395-406) en gevolglik sluit dit in hoofsaak aan by die orde wat in 1927 geformuleer is. Die rapport beklemtoon nietemin die noodsaaklikheid dat “eenvormigheid in dieselfde kerkverband” met ‘n “verhewe en besielende liturgiese orde” moet heers en praat vir die eerste keer van ‘n “erediens” as ‘n fenomeen op sigself. Die *erediens* word gedefinieer as ‘n *samekom*s wat bedoel is om God te verheerlik, die “vergaderde gelowiges te stig” en om “gemeenskap van die heiliges” te beoefen.

Die Sinode van 1955 konstateer ‘n gebrek aan “aktiwiteit van die gemeente” as gevolg van min begrip vir die liturgie. In hierdie opsig tree dus dieselfde probleem na vore as wat Beaudin in 1907 by Rome geïdentifiseer het (vgl. Lamberts, 1992:235 e.v.). Die rede vir die probleem word egter nie in die liturgie nie, maar in die begrip vir die liturgie gesoek. Om “meer liturgiese besef by die gemeente” aan te kweek verskyn ‘n publikasie *Kom in sy voorhowe* (Jooste, 1957). Hoewel daarna gestreef word om die gemeente aktief te betrek, word die diens tog grootliks in die hande van die ‘liturg’ gelaat wat beurtelings namens God en

namens die volk optree (GKSA, 1955:401). Die aktiwiteit van die gemeente bestaan in meelewing met wat die 'liturg' doen. Die gemeente (*leitias*) doen (*ergon*) baie min. Direkte aktiwiteit kom feitlik net na vore in opstaan by die geloofsbelydenis en psalmsang (en natuurlik wanneer gedoop of na die Nagmaaltafel gegaan word). Die deputate vra (sonder liturgiese motivering) dat "meer gemeentesang" moet plaasvind en meer as een vers per keer 'gesing' moet word. Uit die behoefte aan 'meer sing' word oorweeg om onder andere na die geloofsbelydenis 'n psalm in te voeg. Die Sinode wil nie dat die Wet voor die geloofsbelydenis gelees word nie en 'n vraag of kommunikante tydens Nagmaal aan die tafel moet bly sit totdat 'n psalmvers klaar gesing is, laat die Sinode aan die vryheid van die kerkrade oor (GKSA, 1955:397, 405).

In werklikheid lewer die Sinode van 1955 niks nuuts nie. Die oplossing om meer aktiwiteit te soek in opstaan en meer dikwels te sing, is eintlik bloot formele maatreëls en nie liturgies-funksioneel verantwoord nie. Die vraag of die psalms as gebede of bloot as liedere en musikale uiting beskou word, is nie gevra nie (vgl. byvoorbeeld Steiger, 1992/3:7; Van Rongen, 1990:64, 138; Runia, 1991:5, Psalms as *tehillim* lofprysing ens.). In sy geheel beskou, kry 'n mens die indruk dat die Sinode op losstaande liturgiese vorme van 'n 'erediens' toespits en nie die liturgie met die oog op 'n ontmoeting met God beoordeel nie. Die uitgangspunt is klaarblyklik dat twee dienste plaasvind en dat 'n bepaalde 'orde' elke diens outomaties konstitueer (vgl. Spoelstra, 1994:39 e.v.).

2.4 Die soeke na groter liturgiese variasie in 1985

Die Suidelike Partikuliere Sinode versoek die Sinode van 1982 om die tweede erediens soos die eerste erediens met geloofsbelydenis en afkondiging van die Wet te laat plaasvind en om groter variasie in liturgiese formules uit die Skrif ten opsigte van die groetseën, die voorlees van die Wet en die slotseën toe te laat. Hierdie versoek is gerig met die oog op mense wat net een diens bywoon. Die Sinode antwoord nie op die bepaalde versoeke nie, maar verwys weer soos in 1952 die "hele saak van liturgie" vir studie om op die volgende Sinode daaroor te handel (GKSA, 1982:511 e.v.). Hierdie prosedure bots met goeie orde omdat die versoeke nie deeglik ontleed en vir die deputate duidelik aangedui is nie (kyk artt. 31, 33, 46 KO).

Die studierapport lig die Sinode van 1985 uitvoerig in oor tempel- en sinagogedienste en oor liturgieë by verskillende Reformatore. Die rapport sê egter baie min of niks oor die *missa catechumenorum* en *missa fidelium* in die vroeë kerke (vgl. Van der Leeuw, 1946:133-145) en oor die liturgie in die *missale romanum* waarby veral Bucer en Calvin aansluit (Brienen, 1987:121, 137, 147, 264; Barnard, 1981:305). Daarteenoor het Calvin juis vir hervorming altyd na die *gewoonte* van die ou kerke gevra.

Die rapport mis gevolglik die verskil tussen Zwingli en Calvin ten opsigte van liturgie en gaan verkeerdlik daarvan uit dat Calvin – soos Zwingli – aparte Woord (*pronaus*) en spesiale Nagmaaldienste voorgestaan het (GKSA, 1985:398-405). Die verskil tussen wat Calvin begeer en wat die owerhede hom toegelaat het (Brienen, 1987:138), is ook nie ontleed nie.

Die Rapport gee kursories inligting oor hoe die liturgie, wat hoofsaaklik van a Lasco, Micron en Zwingli afkomstig was, in Nederland vermink geraak het. By Dordrecht 1578 het die kerke nog aan selfstandige ‘troosspreuke’ uit die Skrif en gebede voor die preek vasgehou – ‘n gebruik wat aan die *skuldbelydenis* en *absolusie* by Calvin herinner. By Middelburg (1581) oordeel hulle egter dat die “bindynghe ende ontbindynghe der zonde ghenoechsaem inde predicatie des woorts geschiedet” sodat ‘n liturgiese formulier vir skuldbelydenis en absolusie nie nodig geag word nie (GKSA, 1985:403). In Nederland het die gemeentelike liturgie in die preek opgegaan. Ons erf uit Nederland die swakste liturgie uit die Reformasie, sodat Van de Pol (1931:49 e.v. 1986:202) en Van der Leeuw (1946: 22, 153 e.v.) met waarderende oë na die Anglikaanse liturgie kyk. Daarin is van die oudste liturgiese vorme en handeling soos kniel (vgl. Kuyper, 1911:37, e.v., 230 e.v.) bewaar – liturgiese vorme waarteen die Puriteine oordrewe besware gekoester het.

Die Sinode definieer die *erediens* as ‘n omvattende ontmoeting tussen God en sy gemeente (GKSA, 1985:405-410) maar vra nie of hierdie pragtige aanspraak elke keer waar is nie (vgl. Spoelstra, 1994). Die Sinode neem aan dat wanneer die liturgiese vorme en inhoud wat die Sinode met votum, aanvangseën, gemeentesang, geloofsbelydenis, wet, Skriflesing, gebede, Skriflesing en prediking, barmhartigheidsdiens en slotseën aandui, deurloop is, het daar outomaties ‘n erediens plaasgevind. *Erediens* word dus met die algehele liturgiese orde en met ‘n objektiewe gebeurtenis geïdentifiseer. Daarteenoor val dit op dat self Roomse teoloë vandag beklemtoon dat “werklike deelneming” ‘n voorwaarde vir liturgiese “spiritualiteit” en ‘n ontmoeting met God is (Waaijman, 1992:235-237).

Wanneer die begrip *erediens* in 1985 as vertrekpunt geneem word om ‘liturgiese grondlyne’ vas te stel het die klem effens verskuif van die vertrekpunt in 1927. Moontlik bring die verskuiwing nuwe woorde soos *aanvangseën*, *barmhartigheidsdiens* en *slotseën* vir die eerste keer in sinodale handeling na vore omdat die ‘erediens’ iets op sigself is wat ‘n aanvang neem en ‘n slot moet hê; gevolglik moet ook die barmhartigheidsdiens binne die aanvang- en slotpole plaasvind. Die probleem is egter dat die barmhartigheidsdiens eers werklik plaasvind wanneer die gemeente se gawe die mens in nood bereik (Heid. Kat. S. 38).

Wanneer die Sinode van 1985 die rapport behandel, word enkele voorskrifte ten opsigte van die *aanvangseën* gereglementeer, die gebruik van ander ekumeniese simbole vir die geloofsbelydenis gereël, Deuterionium 5 as alternatief vir die Wet en 1 Petrus 5:10, 11 as alternatief vir die seën aangedui. Die wegsturformule by

die ‘slotseën’ word opsioneel gelaat. Die Sinode spreek hom oor talle aanbevelings en motiveringe nie uit nie en wys sonder motivering ‘meervoudige Skriflesing’ af. Die Sinode laat dit egter aan die vryheid van die kerke oor om ‘n algemene lang gebed voor die Skriflesing te doen om sodoende die Skriflesing aan die preek te verbind (GKSA, 1985:410-420). Die motiewe vir hierdie advies ontbreek sodat die manier van doen nie van diepgaande liturgiese besef getuig nie.

Die Sinode van 1985 bly dus eintlik by die liturgiese orde van 1927. *Sang en gebed* word nog steeds naas mekaar geplaas asof daar ‘n onderskeid in die liturgiese funksie van sang en gebed is. Alhoewel die deputate die erediens as ontmoeting met *gesprek* motiveer, benader die Sinode ‘sang’ nie in die eerste plek as medium vir kommunikasie of *gesprek* in die ontmoeting met God nie; dit skyn asof sang op ‘n ander manier as gebed eer aan God moet gee (GKSA, 424 e.v.). In die geheel lyk dit asof die Sinode van 1985 nie van probleme met die bestaande liturgie oortuig was nie, reglementering wou verny en nie deur ‘n swak gemotiveerde deputaterapport op sleeptou geneem wou word nie. In die afwesigheid van grondige liturgiese argumentasie het die Sinode “die orde van gebed, Skriflesing en prediking aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat” (GKSA, 417) sonder om daarmee ‘n groen lig vir allerlei willekeurige eksperimentering met die liturgie te gee.

2.5 Liturgieprobleme vir die GKSA

2.5.1 Twee eredienste kort na mekaar

Müller (1987:34) stel dit dat die “op skrifgestelde orde van ‘n diens ... onontbeerlik [is]” en met die “partituur van ‘n orkesuitvoering” vergelyk kan word. Die ontmoeting van God en sy volk kan egter nie in die “drukletters” vasgevang word nie (Müller, 1987:34). Die nakom van ‘n *liturgiese orde* of ‘n opeenvolging van sogenaamde *elemente* van ‘n *erediens* stel dus nie outomaties ‘n *erediens* daar nie. Twee preekdienste kort na mekaar kan moeilik gemotiveer word as noodsaaklik vir die ontmoeting met God, vir godsdiens en die betoon van die dankbaarheid wat ons aan God vir sy kom na ons in Woord en Gees verskuldig is. Die GKSA ondervind tradisioneel probleme met die bywoning van veral die *tweede erediens* op ‘n Sondag. Toenemend word ‘n oplossing gesoek deur ‘twee eredienste’ ongeveer ‘n halfuur na mekaar vir dieselfde mense op dieselfde plek met baie dieselfde liturgie aan te bied. Die rede is waarskynlik ook dat omstandighede net oggenddiens(te) moontlik maak. Dié probleem het egter baie kante. So kan byvoorbeeld gevra word: Waarom moet dieselfde mense twee keer kort na mekaar saamkom om die Here te ontmoet? Was daar fout met of onvolledigheid in die eerste ontmoeting dat dit herhaal moet word? Waarom moet die gemeente wat weggestuur was deur die seën aan die einde van die eerste samekoms, kort daarna weer dieselfde liturgie deurloop – met kollekte en al? Is die tweede samekoms nie ook iets van ‘n *alternatiewe* samekoms wat ook mense kan bedien wat nie die

eerste diens kon bywoon nie? Kortom, is twee eredienste verpligtend vir dieselfde mense of het gemeentes behoefte aan alternatiewe dienste in die huidige situasie, al is die bywoning van die tweede hoe klein? Die antwoord op dergelike vrae gaan ekklesiologies dieper as die liturgiese probleme. Die probleme word daar gelaat en slegs liturgies na die moontlikheid van twee dienste kort na mekaar gekyk.

In twee dienste kort na mekaar herhaal dieselfde mense gewoonlik kort na mekaar dieselfde liturgie: die groetseën, voor- en na-gebed, twee preke, twee kollektes en die seën word herhaal. 'n Baie belangrike liturgiese vraag kom op grond van hierdie gebruik na vore: Wat is die sin van die eeu-oue Skriftuurlike seën aan die einde van die diens uit Numeri 6 of 2 Korintiërs 13 wat die gemeente *wegstuur* (vgl. “ontvang die seën van die Here en gaan in vrede”) as veronderstel word dat die gemeente nie moet weggaan nie, maar na 'n kort pouse moet terugkeer om feitlik dieselfde liturgie te herhaal? Rym die praktyk met Sondag 38 (Heid. Kat.) of NGB 28? Kortom, is die motief vir hierdie ‘twee eredienste’ werklik *om die Here te ontmoet* of geskied dit dalk om *die predikant* geleentheid vir onderrig deur middel van *twee preke* te gee? Dui die twee ‘dienste’ kort na mekaar, al is dit hoe goed bedoel, nie op formalisme rondom *twee eredienste*, 'n lang geskiedenis van probleme met die tweede diens en die erosie van liturgiese besef en beleving nie? Om te antwoord *dat die gemeente twee preke moet hoor*, mag skolasties in orde wees, maar kan nie liturgies verantwoord word wanneer die erediens sy sin vind in die *ontmoeting met God nie*.

In buitengewone omstandighede mag verskillende motiewe en behoeftes opeenvolgende ontmoetings met God laat plaasvind. Die vraag is egter of twee eredienste kort na mekaar deur die gewone en gereelde betoning van dankbaarheid (Sondag 38 Heid. Kat.) verplig word. Ontstaan die situasie van twee eredienste kort na mekaar nie uit die voorveronderstelling dat 'n *erediens* 'n objektiewe gebeure volgens 'n bepaalde agenda is wat 'n *ontmoeting met meer preke* meebring, maar nie vanuit 'n *ontmoeting met God en mekaar* gemotiveer word nie. Die ‘twee eredienste’ het uit 'n bepaalde motief met betrekking tot omringing en heiliging van die Sondagviering voortgespruit – 'n motief wat kwalik op twee dienste kort na mekaar toegepas kan word.

2.5.2 Willekeur in liturgiese orde

Brink tabelleer grootskaalse liturgiese willekeur in die CRC van die VSA (Brink, 1991). Daarteenoor val die noukeurige voorskriftelikheid van die liturgie in die Ou Testament op. Die Here Jesus stel “gees en waarheid” (Joh. 4:23) as norm vir die Nuwe-Testamentiese liturgie. Die Nuwe Testament sê juis ten opsigte van liturgie dat alles ordelik moet geskied en gee bepaalde eenvoudige riglyne (1 Kor. 14:40); gevolglik moet kerke in kerkverband liturgiese orde volgens bepaalde norme met mekaar reël (vgl. Barnard, 1981:486, 491 e.v., 500-504). Tereg sê De

Klerk (1987:3 e.v.) dat die sinodale handeling van die GKSA die motivering oor liturgie mis.

Müller (1987) sê dat die NG Kerk los elemente van die 'erediens' onverantwoord verander en hanteer en daarom in tradisionalisme, ritualisme en wettisisme vasgeval het. Die omgang van die GKSA met die liturgie maak 'n formele indruk. Indien van die begrip *liturgie* in plaas van *erediens* uitgegaan word, mag die aksent dalk beter op die dinamiese *godsdien*s of liturgie as doelgerigte gebeurte val. Miskien verklaar liturgie as godsdien waarom 'n Australiër na 'n besoek aan 'n swart kerk in Suid-Afrika sê: "It was an indication that warmth and vitality can go together with a more traditional style of worship" (De Waardt, 1993:3).

3. Liturgiese handeling nader bekyk

3.1 Uitgangspunt

Calvyn het geglo dat die tweede gebod reël hoe God op die regte wyse vereer moet word (vgl. Brienens, 1987:148). Vormgewing van die liturgie raak "die allerdiepste dinge van die mens, dit raak die kerk, sy belydenis, ja die hele teologie ... Agter elke vorm van erediens staan 'n duidelik onderskeibare teologie van die erediens". Die erediens is nie self belydenis nie, maar spreek die taal van die belydenis (Barnard, 1981:486, 491; vgl. art. 32 NGB).

Die werklike agtergrond vir en historiese verantwoording van die liturgie van die GKSA is nog nie beskryf nie. Die liturgie kan maklik aan Nederland verbind word. Die Nederlandse liturgie word weer tradisioneel aan Cavyn verbind wat dit van Zwingli se *pronaus* (leerdiens) sou gekry het. Die navorsing van Brienens toon egter aan dat Farel in Genève die liturgie van Zwingli ingevoer het en dat Calvyn daarvan verskil het. Hy het byvoorbeeld nie 'n weeklikse *pronaus* en kwartaalike *Nagmaalsdiens* voorgestaan nie (Brienens, 1987:133 e.v.).

Die leer of preekdiens (*pronaus*) van Zwingli wat aan die *missa catechemenorum* herinner, het Surgant kort voor die Reformasie weer beklemtoon (Van Rongen, 1990:90 e.v.). Zwingli het sy opvatting waarskynlik van die Nederlander Hoen gekry, maar raak sodoende met liturgie bekend wat in die oostelike en noordoostelike Nederlande in gebruik was (Tanis, 1991:313, 319 e.v.). Die humanisme het in Nederland met Gansfort en Erasmus die Reformasie voorberei en gerig op die leerdiens en die preek. Nederlanders erken dat hulle tradisie op die preek toespits terwyl De Jongh tereg sê: "De kerk kent geen toeschouwers. In een kerkdienst is geen publiek. Iedereen doet mee" (De Jongh, 1993:15). Wanneer op die preek toegespits word, doen elkeen nie so maklik mee nie.

Dit is moeilik om vas te stel hoe die liturgie gelyk het wat van Nederland na die Kaap gekom het. "Het onderzoek naar de liturgische praktijk in een bepaalde

periode van de geschiedenis is deurgaans een moeilike zaak ... Het beeld ... is veelal fragmentarisch” (De Jongh, 1990:11). Hoewel na onderlinge eenheid in eenvormigheid gestreef is, het tot diep in die 18de eeu baie regionale verskille in Nederland voorgekom (De Jongh, 1991:16-21). Die predikant was in Nederland grootliks “outeur van alle liturgie” (De Jong, 1991).

Uit die versoek op die Sinode van 1924 en die rapport voor Sinode 1927 is dit duidelik dat predikante in die GKSA vir hulleself vryhede in die liturgie veroorloof het (bv. met aankondigings, ens.). Tog kan 'n mens ook aanneem op grond van die wyse waarop dit gebeur het dat die Sinode van 1927 die gangbare liturgie verwoord het.

3.2 Votum en groetseën

Die *votum* word die “openingsverklaring van die erediens” genoem om die nog losse opkoms tot 'n doelgerigte vergadering te orden (Van der Walt, 1982:18; Kuyper, 1911:179). Op die votum volg die *groetseën* (vgl. in vroeë kerke die ‘vredeskus’). Wie van ‘groetseën’ praat, beklemtoon diakonologies die plek en funksie van die *dienaar* wat God geroep het om voor te gaan (Van der Leeuw, 1946:161; Deddens, 1981:37 e.v.; Jonker, 1962:144; GKSA, 1955:396 e.v.). Die amptelike groet sluit aan by die aanhef in die Nuwe-Testamentiese briewe waar die gesant van God die gemeente met die ‘groetseën’ na sy Sender wys. Namate die begrip *erediens* ekklesiologies vorm aangeneem het, het die idee van *aanvangseën* van 'n ‘erediens’ na vore gekom (GKSA, 1985:411 e.v.; Van der Walt, 1982:21-36, 66, vgl. egter o.a. Hendriks, 1983:83-92).

Die verskillende opvattinge lei tot verskillende liturgiese gebare. Wie van 'n *aanvangseën* uitgaan, dring aan op die priesterlike seëngebaar met twee opgehewe arms soos by die ‘slotseën’ (vgl. GKSA, 1985:412, sonder motivering). Hierdie opvatting dupliseer en verswak liturgies die wegstuurseën. Die groetseën met een opgesteekte hand hou weer verband met die sjaloom-groet in die sinagoge-kultus.

3.3 Gemeentesang

Die gereformeerde liturgiek praat van *gemeentesang* (GKSA, 1985:412) waarin die idee van musiek as 'n eie kommunikasievorm sterk na vore tree (vgl. Strydom, 1987:47 e.v.; GKSA, 1973:245-302; 1982:202-208). Gewoonlik word psalms aangekondig met ‘die gemeente sing nou tot lof van God van psalm so en so’. Die gebruik van die werkwoord *sing* skep die indruk dat dit om die sing eerder as om die praat met God gaan. Die idee dat die musiek 'n eie funksie vervul, het veroorsaak dat Sinodes begin het om bepaalde melodieë op grond van hulle musiekwaarde voor te skryf (GKSA, 1952:291 e.v.; 1979:612). Waar die GKSA vir 16de-eeuse Geneefse musiek gekies het, sê *The Banner* (1992) van die CRC in die VSA weer:

Few of us would insist that we use only the music that prevailed in Geneva's Calvinistic worship services. If we did, harmony in the church might be lost forever. But no one could argue against regaining Calvin's sense of awe in the presence of God.

Die vraag is of die musiek draer van en diensbaar aan die woorde is waarmee tot God en mekaar gepraat word en of die musiek self die aanbidding, verheerliking of dien van God moet uitdruk. In die Ou Testament het kore by die tempel, veral wanneer die volk nie daar was nie, voortdurende kommunikasie tussen Jahwe en die volk uitgebeeld. By die volksfeeste het die volk self met offers en liedere met Jahwe gekommunikeer (Trimp, 1983:83-86; vgl. Jonker, 1962:127).

Is die sang 'n item wat die 'erediens' afwissel? Eer die gemeente God met musiek soos die engele sodat gesê kan word: "Kirchenmusik ist praeludium vitae aeternae" (Steiger, 1992/3:180)? Al moet al ons doen en late oral en daarom ook ons musiek God eer en dien, moet die funksie van musiek in die ontmoeting met God bepaal word. Is Luther korrek dat die musiek (as sodanig) evangelie verkondig, die Woord na die hart toe dra en blydschap as antwoord op die heil uitdruk (vgl. Steiger, 1992/3:177 e.v.)? Maak note die teks lewendig en kan preke gesing word? Indien wel, volg die vraag: Moet die gemeente met die woorde van die lied met God praat, ongeag hoe vals of musikaal swak die woorde gesing word of moet die sang en gehalte daarvan God prys? Die woorde en nie die musiek nie bepaal of die gelowige in die psalm aanbid, bely, prys, smeek, of aanroep. In die Ou Testament is die woorde van Psalms kanoniek, maar nie die wysies nie (vgl. Pss. 45:1, 53:1, 57:1 ens.). Die gebruik om strofes voor te lees en daarna met sang te dupliseer, moet daarom sensitief gehanteer word (GKSA, 1955:404).

Calvyn se bewoë ervaring toe hy 'n gemeente in Strassburg vir die eerste keer hoor sing het (vgl. Heyns, 1903:114 e.v.) het aan die psalm 'n plek in sy liturgie gegee. In die Roomse Mis-liturgie het die priester psalms 'gesing' en die gemeente het toegekyk. Calvyn het die psalm uit die priesterliturgie na die gemeente teruggebring sodat die gemeente daarmee direk met God en met mekaar in die erediens kon praat. Hy het daarom benadruk dat die meeste psalms gebede is (Brienen, 1987:114; Van Rongen, 1990:113 e.v., 124). Psalms is deur die eeue gelees, gebid, gesing en oordink (vgl. Hamink, 1992:274).

Sou die deursneegemeente vandag die psalm in die erediens nog as gebed, belydenis of praat met God ervaar? 'n Sinode (GKSA, 1955:396 e.v.) handhaaf tereg die gesprekskarakter wanneer gesê word dat "die gemeente moet begin om die Here te loof". Om daarna te praat van 'n "gesang met die oog op Woordbediening" dui nie die liturgiese funksie aan nie omdat dit hier gaan om 'n psalm as *epiklese* en *gebed*. Die Sinode van 1985 neem kennis dat die funksie van die lied op 'n gesprek met God neerkom en dat dit aan die "gesprekskarakter van die erediens" moet voldoen (GKSA, 1985:412 e.v.). Waarom sou die Sinode hiervan

net kennis geneem het en die korrekte stelling nie aanvaar of goedgekeur het nie? Psalms (soos dankgebede) moet respons op die ontmoeting en Woord wees (Barnard, 1981:191). Al 150 Psalms is daarom nie ewe geskik vir die ‘erediens’ nie.

Gelowiges kan die Woord wat God tot hulle rig buite die erediens sing en vir mekaar en vir die wêreld van die groot daade van God in 'n lied vertel, maar wanneer hulle God in 'n ‘erediens’ ontmoet en met Hom praat, sal die psalm liturgies op bid tot, bely voor of verheerlik van God gerig wees. Die gemeente gebruik daarvoor die liriek van geïnspireerde digters, profete of apostels uit die Skrif (vgl. Van der Leeuw, 1946:168-170, Dressel, 1988:3, 6 e.v.). Die lied in die erediens moet op kommunikasie met *Hom* gerig wees (GKSA, 1985:412). Hierdie beginsel sluit solosang, koorsang, of verkondiging van die Woord as gesingde preke in die ‘erediens’ uit.

Dit is opvallend dat psalms wat direk met God praat, tereg in die erediens voorkeur kry. Calvin het ook eers net dertien psalms (25, 36, 46, 91, 138 ens.) geselekteer (vgl. Barnard, 1981:317). Die gemeente behoort die lied in die liturgie baie meer spontaan aan te hef (Van der Leeuw, 1946:162). Die Sinode van 1955 het met goeie reg oorweeg om 'n psalm spontaan na die Wet te laat sing (GKSA, 1955:403). Indien die liturgie begryp word, kan spontane handeling die sin van die liturgie verhoog. Die huidige psalm na die Wet en die wyse waarop dit aangekondig word, funksioneer nie meer duidelik as skuldbelydenis of genadeverkondiging nie en word net as “toepaslike verse” by die Wet aangedui (GKSA, 1955:396, 404) of glad nie meer genoem nie (GKSA, 1985:414). Die funksie van die psalms in die liturgie is volgens genoemde interpretasie nie deeglik verantwoord nie.

3.4 Die geloofsbelydenis

Die plek van die *geloofsbelydenis* het in die vroeë kerke by die doopliturgie geval. Volwassedoop het na die belydenis van geloof geskied omdat die geloofsgemeenskap vasgestel moes word voordat Nagmaalsgemeenskap kon plaasvind. Teen die vyfde eeu het die Oosterse (Griekse) Kerk die credo by die liturgie van die *missa fidelium* ingevoer (Van der Leeuw, 1946:141, 173 e.v.). Die credo was die poort waardeur tot die *eucharistie* (kommunie) oorgegaan is.

Die Nederlandse liturgie ondergaan verskillende invloede (vgl. Van der Leeuw, 1946:154 e.v.). Johannes a Lasco, 'n ‘slordige opvolger’ van die Reformatore, het op 'n gebed met skuldbelydenis, die Wet en daarna die credo by die *missa fidelium* laat volg. In die Franse liturgie sluit die credo die *pronaus* of *antekommunie* af (Van der Leeuw, 1946:133 e.v.). In Strassburg vorm die credo deel van die Nagmaalsformulier. Calvin laat die credo sing net voor die instellingswoorde by die Nagmaal. In die Anglikaanse liturgie doen die gemeente na die

Wet en Skriflesings staande die credo met belydenis (Van der Leeuw, 1946:145-153; GKSA, 1985:402 e.v.). Die Nederlandse en Geneefse liturgie het onder invloed van Zwingli (vgl. Spoelstra, 1994) die gereelde preekdiens los van die Nagmaalsdiens benader. Daardeur kom die liturgiese funksie van die credo in gedrang.

Die GKSA plaas die geloofsbelydenis vroeg na die lofpsalm en voor die Wet (GKSA, 1955:396; 1985:404, 413). Deputate wou die gemeente meer 'aktief' betrek en het die sing van 'n spontane lied na die Geloofsbelydenis aanbeveel (GKSA, 1955:403); dit maak liturgies egter nie sin nie (Van der Walt, 1982:44). Die geloofsbelydenis sou beter saam gesing of hardop gesê kon word (GKSA, 1982:513 e.v.; 1985:413 e.v.).

3.5 Die Wet van die Here

In die Ou Testament speel die Wet (Tora) wat die wil van God vir die lewe van sy verbondsvolk reël 'n groot rol (De Klerk, 1990:17); tog oefen die Joodse liturgie invloed uit. In die Clementynse liturgie het voorlesers in die diens die (Mis) van die kategumene uit die Wet, profete, Briewe en evangelies voorgelees (Stoop, 1992:3, 83). Die Dekaloog is wel in die sinagoges gelees, maar is waarskynlik nie in die vroegste Christelike liturgieë gebruik nie (Barnard, 1981:544). Oor die plek van die Wet in die liturgie bestaan gevolglik verskil. Sommige laat 'n voorleser die Wet voorlees, ander bring dit in verband met die skuldbelydenis voor die preek en Calvin laat sy beryming van die Wet aan die einde van die erediens, na die skuldbelydenis en genadeverkundiging as reël van dankbaarheid sing (Brienen, 1987:202).

Die Wet is kenbron van die sonde, reël van dankbaarheid en konstitueer die verbondsofset (De Klerk, 1990:19). Die Reformasie ken die Wet as "tugmeester" tot Christus en daarom kan die Wet by die skuldbelydenis betrek word (Van der Leeuw, 1946:161; vgl. Heid. Kat. S. 2). Die GKSA plaas die lees van die Wet (Eks. 20 of Deut. 5) na die geloofsbelydenis, dit wil sê by die skuldbelydenis. Van der Leeuw meen dat die Nuwe-Testamentiese opsomming altyd na die Wet gelees moet word (1946:167; Van Rongen, 1990:61). Die skuldbelydenis as liturgiese handeling word in die sinodebesluite van die GKSA onderbelig. Daar word van 'sing' na die Wet gepraat, terwyl skuldbelydenis ook hardop soos by Calvin in 'n bepaalde formuliergebed gebid sou kon word. Op die skuldbelydenis sou 'n *absolusie* kon volg (vgl. Kuyper, 1911:217 e.v.).

3.6 Die Skriflesing

Die *Skriflesing(s)* is 'n ander probleemarea in die huidige liturgie, veral wanneer ons liturgies tussen die lees, hoor en preek van die Woord onderskei (Van der Walt, 1982:47). Van der Leeuw (1946:170) sê:

De Schriftlezing in den eredienst is geen onderricht in de Heilige Schrift, geen catechesatie ... zij is verkondiging van Gods Woord. God spreekt tot de gemeente. Dat is niet een voorlezing, maar een gebeuren, een daad ... God treedt in het leven van de gemeente met zijn heilig Woord ... De Schriftlezing heeft dus een sakramenteel karakter ... Zij dient dan ook niet ter voorbereiding van de preek ... Zij is in wezen evangelie, blyde boodschap, proclamatie, dat God het koningschap heeft aanvaard.

Omdat Rome verkondiging verwaarloos het, wou Luther met die Woord opvoed. Die Lutherane reik nou nog 'n *lectionary* uit waarin 'n vaste program van Skriflesings volgens die kerklike jaar voorgeskryf word. Hierdie Skriflesings “can stand on their own without further clarification” (Beiritz, 1991:37-43; vgl. Barnard, 1981:562-564). Die Nederlandse kerke het egter by die Sinode van Dordrecht 1574 van die selfstandige Skriflesings in die liturgie begin afwyk en alle aandag op die preek toegespits.

Die humanisme en intellektualisme het die preek in die liturgie oorspan omdat hulle geglo het dat onderrig of die meedeel van kennis, mense verander (Barnard, 1981:375). Die Woord word met die preek geïdentifiseer en sentrum van die erediens gemaak (Noordmans, 1986:98, 134 e.v., 174-212). Die volk moet net *luister en hoor* en hulle *laat lei* deur die prediker (vgl. GKSA, 1955:401-403) en die *liturgie* (letterlik *volks-werk*) kom op 'n vlak van lae aktiwiteit te staan. Om na 'n kerkdienst te gaan om 'n preek te gaan hoor, maak van die kerkganger 'n toeskouer, self wanneer die preek hom diep raak (De Jong, 1993:15; vgl. De Klerk, 1987:190; Du Toit, 1977:29).

Die liturgie van die GKSA onderskei aanvanklik tussen Skriflesing en preek (GKSA, 1955:396). Die Sinode van 1985 wil nie meer 'n selfstandige Skriflesing voorskryf nie en laat toe dat die lang gebed vir alle nood vóór die Skriflesing gedoen word, sodat die mens God aanroep voordat God met hom gepraat het. Skriflesing word volledig aan die preek verbind (vgl. GKSA, 1985:415-418). De Klerk (1987:105, 115-134) wys op die Skriflesing as dié “saambindende faktor” in die erediens en pleit tereg vir 'n “moontlike selfstandige plek” vir Skriflesing. Die koppeling van Skriflesing en die dominerende preek veroorsaak dat die sakrament van die doop soms voor enige Skriflesing bedien word, asof die sakrament aan die Woord voorafgaan. Die Skrif waarin God direk met sy volk praat, geniet tans nie duidelike liturgiese waardering nie, terwyl dit hoog aangeslaan moet word (vgl. Van der Walt, 1982:46). Skriflees en preek behoort in die liturgie onafhanklik van mekaar elk “sy eie majesteitlike plek [te] beklee” (Van der Walt, 1982:48). 'n Selfstandige Skriflesing kan selfs help om Skrif met Skrif te vergelyk wanneer die teks vir die preek uit 'n eie Skriflesing kom. Die liturgie kan baat wanneer die gemeente na goedgekose Skriflesings uit die Ou Testament en Nuwe Testament volgens 'n vaste program luister, te meer waar Skriflees tuis selektief gedoen word of dalk heeltemal in onbruik raak (vgl. Du Toit, 1977:17, Jooste, 1957:28, Van der Leeuw, 1946:173).

3.7 Die preek

Die preek dateer uit die vroegste Christelike kerke (Hand. 6:4; 2 Tim. 4:1-4; 2 Pet. 1:19-21; 1 Kor. 14:1-9). Dit was skynbaar veral by die diens (die Mis) van die kategumene gebruik (Stoop, 1992:83). Die evangelie van die koninkryk moet verkondig word omdat Christus sy kerk daardeur opbou en regeer. Die preek bedien (net soos die Skriflesing) die *sleutelmag* (Heid. Kat. S. 31; De Klerk, 1987:187). Die preek in die samekoms en liturgie van die gemeente is nie die enigste vorm van Woordverkondiging nie. Die opdrag om die evangelie te verkondig (Matt. 28:19, Hand. 1:8, 1 Tim. 5:17, 2 Tim. 4:2), geskied basies in kategese, huisbesoek en sendingprediking. Die vrug van die Woordverkondiging is juis liturgie waarin die gemeente hulle God ontmoet. In die liturgie moet die preek deel wees van die ontmoeting of gesprek tussen die Here en sy volk – 'n woord waarin God op 'n antwoord van die gemeente aandring (Barnard, 1981:564-566, Brienen, 1987:232, Spoelstra, 1989:112-116). Die preek is dus 'n belangrike, 'n selfstandige maar nie dié moment in die liturgie nie. Die teenwoordigheid van die Vader en Christus in die Gees dien in die liturgiese ontmoeting (vgl. Barnard, 1981:416; Brienen, 1987:28 e.v.).

Noordmans sê dat die gemeente “altijd bijeen komt om naar Gods Woord te luisteren”. Hy (Noordmans, 1986:259 e.v.) vrees dat Van der Leeuw se aksent op liturgiese handeling in ‘sakramenteologie’ daartoe sal lei dat mense die preek wat die koninkryk verkondig, sal verruil vir Oosterse misterie (Noordmans, 1986:326), vir menslike handeling, vir “één sacramentele liturgie” (Noordmans, 1986:331). Omdat die teologie van die koninkryk nog nie geskryf is nie (Noordmans, 1986:336) verwyf hy Van der Leeuw se aandag aan misterie. Noordmans vrees dat die gemeente vir die preek sal vlug in liturgiese handeling.

Aan die ander kant bied 'n eensydige aksent op die preek vandag geen noemenswaardige liturgiese motivering nie. Selfs gelowiges kom om 'n preek en dikwels om 'n bepaalde persoon te hoor (Barnard, 1981:371).

Die liturgie stel hoë vereistes aan die preek. 'n Preek wat in 'n redevoering of 'n verhandeling oor 'n teks, leerstuk of 'n probleem verloop, is nie deel van die liturgie waarin die gemeente God ontmoet nie en daarom kan preke die grootste enkele oorsaak word vir die verval van die erediens en van kerkwees (vgl. Runia, 1981; 1983; 1990; Brienen, 1987:9 e.v.). Die hoorder worstel immers met 'n natuurlike weerstand teen wat die Skrif sê, omdat hy twyfel of “we God werklik echt kunnen verstaan” en dus woed “een gevecht van de hoorders met de zaak van de Bijbel en met God. Het is een worsteling om de waarheid en om het vinden van de juiste richting voor ons leven” (Dingemans, 1991:44). Die preek moet die ‘geveg’ allermins 'n geveg met 'n onverstaanbare of vervelige prediker maak.

Die voorskrifte vir die liturgie van die GKSA lê besondere nadruk op die preek. 'n Groot deel van die liturgie sentreer in die preek: om die preek word in die konsistorie en in die samekoms gebid, 'n psalm word voor en/of na die preek geplaas en die dankgebed draai om die preek. Voeg die opsomming van die preek in die nuusbrief of bespreking van die preek na die diens daarby en 'n mens moet konkludeer dat die gereformeerde liturgie om die preek draai (vgl. De Jong, 1993). 'n Eensydige aksent op onderrig deur die predikant in die preek benadeel die liturgiese karakter van 'n erediens' (vgl. Du Toit, 1977:29, Spoelstra, 1994: 48 e.v.). Die preek is belangrik vir die aktuele ontmoeting met God, maar is ook die Achilleshiel waar die gemeente blote toeskouers of toehoorders kan word (vgl. De Jong, 1993).

3.8 Die gebed(e)

In die vroeë kerke is verskillende kort gebede (*collecta*, vgl. *litanieë* by Stoop, 1992), elkeen met 'n bepaalde liturgiese oogmerk gebid: skuldbelydenis, epiklese, lofprys, aanbidding of danksegging, intersessie en petisie. Die liturgiese formuliere by die GKSA in gebruik ken meer as een gebed, elkeen met 'n bepaalde liturgiese plek en funksie by die sakramentsbediening. Calvin plaas die lang gebed met danksegging, petisie en intersessie na die Woord van God gehoor is (Barnard, 1981:568). Daarop het die gemeente met 'n 'amen' geantwoord (Barnard, 1981:67; Van der Leeuw, 1946:136 e.v.). Die *amen* is later deur die voorganger oorgeneem, met die gevolg dat die *amen* sy betekenis van vastigheid en regsdrag grootliks verloor het omdat dit van die gemeente wegneem is (Trimp, 1983:95-98).

Sinodes van die GKSA (1927, 1955, 1985) onderskei twee gebede, die sogenaamde lang gebed en dankgebed en die gebede word rondom die preek geplaas. In die liturgie van 1927 en 1955 kom die sogenaamde 'lang gebed' na die 'Skriflesing'. In 1985 word vryheid gegee om die gebed voor die Skriflesing te plaas, sodat Skriflesing en preek 'n eenheid vorm – 'n ordening wat die aksent op die preekdiens (*pronaus*) plaas. Die *gebede* vorm 'n probleemarea in die liturgie en min liturgiese verantwoordings word oor die gebedsdienste gegee. Daar kom ook praktiese vrae na vore oor hoe gebid word en of die gemeente kan saambid (Barnard, 1987:57 e.v.; vgl. De Klerk, 1987).

Om verskillende liturgiese momente soos skuldbelydenis, epiklese, voorbidding en petisie in een *omnibusgebed* aan die begin van 'n diens te bid, maak sinvolle onderskeiding tussen die verskillende bedes onmoontlik. Die omnibusgebed dra daartoe by dat die formuliergebede deur vry gebede vervang word (Barnard, 1981:372). 'n Verdere stremming is dat die huidige formuliergebede agter in die Psalmboek allermins *dinamies* vertaal en op die situasie van vandag gerig is. Aan die ander kant het die vaste formuliergebede soos die *Onse Vader* liturgiese waarde, omdat die gemeente onmiddellik saam kan bid. 'n Vaste formuliergebed vir by-

voorbeeld skuld-belydenis soos in Genève sou dus oorweging verdien. Tegelyk sal krities gekyk moet word na die psalmgebed wat op die Wet volg, sodat dit doelgerigte *gebed* en nie bloot *sing* word nie.

Die gebedshouding varieer in die Ou Testament en daar is sprake van staan, kniel, na die grond buig, hande uitsteek, ensovoorts. Die liggaamstaal het gepas by die aard van die gebed. Die Nuwe Testament verwys ook meermale na 'n gebedshouding (bv. Hand. 9:39, 20:36), maar gee geen voorskrif nie. In die Anglikaanse liturgie en in die huweliksformulier word die knielende houding behou. Die liggaamshouding behoort met die aard van die gebed te korreleer: kniel wanneer berou op die voorgrond tree, sit wanneer gewag word op die Here en staan wanneer vreugde en oorwinning voorgedra word (vgl. Barnard, 1981: 560 e.v.; Calvyn, 1559: *Institusie* 4.10.29-31). In die GKSA word 'n algemene staande houding voorgeskryf omdat die psalm as *sang* en nie as *gebed*, *hoete* of *belydenisdoen* beskou word nie.

3.9 Die wegstuur

Die gemeente word met die slotseën van die ontmoeting met God en met mekaar weggestuur om elkeen 'n eie roeping in die volle lewe te volbring. Aan die *slotseën* is daarom dikwels eksplisiet 'n wegstuurformule verbind ('gaan dan heen in vrede') (vgl. GKSA, 1985:420).

3.10 Christelike handreiking as liturgie

In Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus van 1563 word "Christelike handreiking" as 'n prominente motief genoem om saam met die gemeente te vergader om God uit dankbaarheid te dien. Die motief (ook genoem *barmhartighedsdiens*) dreig om in die liturgie 'n cliché sonder belewing te word.

In die heel vroegste kerke het gelowiges goedere vir die liefdesmaaltye gebring (Hand. 4:32, I Kor. 11:33; Barnard, 1981:574). Soms is ook vir spesiale nood liefdesgawes gegee (Rom. 15:25-28, I Kor. 16:1-3). Calvyn beskou die kollekte as 'n simboliese handeling wat aandui dat ons ons lewe en ons besittings as 'n offer van dankbaarheid aan God gee (Brienen, 1987:219). Kollektebussies is tot onlangs vir dankoffers op die Nagmaaltafel geplaas. Ongelukkig het die gee (insamel) en omgee vir mekaar (die afdra van gawes) geskei geraak. Die diakens het as tussengangers die gemeente verplaas sodat die diens as geld afdra aan diakens (kollekte) beleef word, terwyl diakens later na goëddunke besluit waar dit uitgedeel word.

Die diens het so veel van sy betekenis as gemeenteliturgie verloor dat die doel van die insameling meesal nie eers afgekondig word nie. Die gewer weet dus nie eers waarvoor hy gee nie en die saak of nood waarvoor gekollekteer word, ontvang nie eers voorbidding in die samekoms nie. Aan die ander kant is hewig ver-

skil in kerke of die 'kollekte' in die 'erediens' of by die 'deure' opgeneem moes word. Die handeling van 'kollekte' word liturgies swak hanteer.

4. Slotsom

Die liturgie wat die GKSA uit Nederland geërf het, het uit die staanspoor ernstige gebreke vertoon – gebreke wat in ons tyd geaksentueer word. Die voor die hand-liggende oplossing sou wees om willekeurige eksperimente met die liturgiese orde te doen wanneer sinodale bepalings oor die liturgie nie bevredig nie. Dié weg behoort egter nie opgegaan word nie omdat liturgiese verantwoording nodig is voordat vorme sinvol verander kan word. De Klerk (1987:3) sê tereg:

In *Gereformeerde kring* is daar oor die erediens baie diskussie ..., maar die gevaar is dat dit meesal nie prinsipiële begroond word nie en dat dit op subjektiewe voorkeure berus. Dikwels ontbreek 'n duidelike beoordelingsmaatstaf ... soms word liturgiese vorme wat in die geskiedenis ontwikkel het, oorbeklemtoon en soms weer onderbeklemtoon As bewys vir bostaande stelling kan op sinodalebesluite oor die vorme van die erediens gewys word

Die oplossing lê daarom nie in die blote verandering van 'liturgiese orde' en losser 'vorme van die erediens' nie. Daar moet verantwoord word *waarom* en *hoe* die 'vorm' of handeling hanteer en ervaar word. Die Gereformeerdes het hulle sedert 1927 te veel oor *die erediens* (vgl. Spoelstra, 1994) as objektiewe verskynsel verantwoord en te min rekenskap gegee van die liturgie as handeling waarin God ontmoet word.

Bibliografie

- BARNARD, A C 1981 Die erediens Pretoria NGKB
 BARNARD, A C 1987 Die lewende gebed in die erediens *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 3:57-73.
 BEIRITZ, K 1991 The Order of Readings and Sermon Text for the German Lutheran Church *Studia Liturgica*, 21(1) 37-51
 BRIENEN, T 1978 Twee in één Hoe God saamenkomt met zijn volk De grondvraag van de liturgie Kampen : Kok
 BRIENEN, T 1987 De liturgie bij Johannes Calvijn Kampen De Groot-Goudriaan
 BRINK, E R 1991 Worship in the CRC A Matter of Grafting *The Banner*, 10:12-14, June
 BURKHART, J E 1982 Worship, a Searching Examination of the Liturgical Experience Philadelphia Westminster Press
 CALVYN, J 1559 Institusie van die Christelike Godsdienst Vertaal deur H W Simpson, 1984-1992 4 dele Potchefstroom CJB
 DE JONG, K 1993 Liturgie voor de ontmoeting *Centraal Weekblad*, 31933 15
 DE JONG, K W 1990 De openbare eredienst in Friesland rond 1820 *Jaarboek voor Liturgie-Onderzoek*, 6 1-24
 DE JONG, K W 1991 Naar oude gewoonte *Jaarboek voor Liturgie-Onderzoek*, 7 1-24

- DE KLERK, B J. 1987 Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom PU vir CHO (Th D Proefskrif)
- DE KLERK, J J. 1990. 'n Liturgiese uitsig op God. (In Smuts A J., Vos C J A., Nel M reds. In gesprek oor die erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel p 8-21)
- DE WAARDT, H. 1993 What is Happening in South Africa? *Trowel and Sword*, 41(7):3.
- DEDDENS, K. 1981 Waar alles van Hem spreekt, bezinning op de eredienst. Groningen : Vuurbaak
- DINGEMANS, G D J. 1991 Als hoorder onder de hoorders. Kampen : Kok
- DRESSEL, 1988. Wat is die erediens wat vernuut moet word? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 6:1-14.
- DU TOIT, J. D. 1977. Totius Versamelde Werke. Deel 3. Kaapstad : Tafelberg.
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
kyk
- GKSA, 1862-1985 Handeling van verskillende Nasionale Sinodes
- HARNINK, L. 1992 De spiritualiteit van de Psalmen *Tijdschrift voor Liturgie*, 76(4) 274-283.
- HENDRIKS, A. N. 1983 Om de bediening van de Geest. Kampen. Van den Berg
- HEYNS, W. 1903 Liturgiek ten dienste van de studenten aan de Theologische School der Christelijk Gereformeerde Kerk te Grand Rapids. Holland. Holkeboer
- JONKER, H. 1962 Liturgische orientatie, gesprekken over de eredienst. Wageningen. Somer & Keunig
- JOOSTE, J. P. 1957 Kom in sy voorhowe. Potchefstroom. Pro Rege
- KUYPER, A. 1911 Onze eeredienst. Kampen. Kok
- LAMBERTS, J. 1992 Don Lambert Beaudin en het begin van de liturgische beweging. *Jaarboek voor Liturgie-onderzoek*, 8:235-272
- MULLER, J. 1987 Vastheid, variasie en kreatiwiteit in die liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 3:34-42
- NOORDMANS, O. 1986 Verzamelde werken. Deel VI. De kerk en het leven. Kampen. Kok
- OBERHOLSTER, J A S. 1956 Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika. Hul ontstaan en ontwikkeling. Kaapstad. HAUM
- POSTMA, D. 1905 De geschiedenis van de stichting en ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. Paarl. Paarlse Drukkers
- RUNIA, K. 1981 Heeft prediken nog zin? Kok. Kampen
- RUNIA, K. 1983 The Sermon under Attack. Exeter. Paternoster Press
- RUNIA, K. 1990. Heeft de preek haar tijd gehad? *Centraal Weekblad*, 39(1)-39(5) 5
- RUNIA, K. 1991 Intimiteit tussen God en mens. *Centraal Weekblad*, 39(47) 5
- SPOELSTRA, B. 1963 Die "Doppers" in Suid-Afrika. Kaapstad. Nasionale Boekhandel
- SPOELSTRA, B. 1989 Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. Hammanskraal. Teologiese Skool
- SPOELSTRA, B. 1994 Liturgiese handeling stel nie vanself 'n erediens as ontmoeting met God (godsdien) daar nie. *In die Skriflig* 28(1) 37-56
- STEIGER, R. 1992/3. Suchet der Stadt Bestes. Kirchenmusik und Öffentlichkeit. *Kerugma und Dogma*, 38:172-184, Julie-Sept
- STOOP, J A A A. 1992 Die Klementynse Liturgie. Pretoria. Unisa
- STRYDOM, W M L. 1987 Die aard en taak van die himnologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 3:43-56
- TANIS, J. 1991. East Friesland and the Reformation. *Calvin Theological Journal*, 26(2):313-349
- THE BANNER, 1992 Always Reforming. *The Banner*, 127(37) 7

- TRIMP, C. 1983. De gemeente en haar liturgie: een leesboek voor kerkgangers. Kampen: Van den Berg.
- VAN DE POL, W.H. 1986. Het boek of 'common prayer'. (In Hasselaar, J.M. et. al. red. Dr. O. Noordmans, Verzamelde Werken. Deel VI. Kampen: Kok. p. 201-204.)
- VAN DE POL, W.H. 1931. Liturgie. Zeist: Ploegsma.
- VAN DER LEEUW, G. 1946. Liturgiek. Nijkerk: Callenbach.
- VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Pro Rege.
- VAN RONGEN, G. 1990. Zijn schone dienst. Studies over de gereformeerde liturgie. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.
- WAAIJMAN, K. 1992. Liturgische spiritualiteit. *Tijdschrift voor Liturgie*, 76(4) 222-238.

